MUSIEK

Beste Graad 12-leerder
Musiek vereis gereelde studie en oefening van die skriftelike sowel as die praktiese afdelings.
In die geskrewe afdelings, moet jy EEN keuse maak tussen Inheemse Afrika-musiek (IAM), Jazz of Westerse Kunsmusiek (WKM).

Vakvereistes

- Notas vir Algemene Musiekkennis (AMK)
- Musiekinstrument
- Manuskripboek
- Klank- en videospeler

Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy kan gebruik om te verseker dat jy al die werk vir graad 12 voltooi het:

1. Voordrag (Vraestel 3, 150 punte)

Daar sal van jou verwag word om die volgende vir jou gekose instrument(e) voor te berei:

- **Tegniese werk** (toonlere/arpeggios/oefeninge/studies)
- **Drie stukke.** Ten minste een van die stukke moet 'n ensemblewerk wees.
- **Gehoortoetse** (bladsang, sing van drieklanke en klap van ritmes)
- **Bladlees** (ongesiene musiekstuk)

2. Musiekgeletterdheid (Vraestel 1, Alle bane, 60 punte)

In graad 12 moet jy die volgende verstaan, identifiseer en gebruik:

- Sopraan- , Bas- , Alt- en Tenoorsleutels
- Toonlere: Majeur, mineur (natuurlik, harmonies & melodies), pentatonies, chromaties, heeltoon en blues
- Modusse
- Alle toonsoorttekens
- Tydmaattekens en groepering van note
- Intervalle
- Transposisie en transkripsie
- Drieklanke, primêre en sekondêre akkoorde in alle omkerings
- Kadensiële en deurgangs-6/4-akkoorde
- Dominant sewende in grondposisie
- Nie-akkoordnote
- Musikale terme
- Harmonisering van n gegewe melodie
- Voltooi 'n gegewe melodie tot en met 12 mate in drieledige vorm vir enige instrument of stem

3. AMK *(Vraestel 1, 60 punte)*

Die Musiekindustrie *(verpligtend vir alle bane)*

- Hoe 'n musiekwerk gepubliseer en geregistreer word en deur kopiereg beskerm word
- Opnamemaatskappye in Suid-Afrika
- Musiek regte

Indien jy die **Inheemse Afrika-musiekbaan** volg, moet jy die volgende dek:

- Die funksie van musiek in Afrika-gemeenskappe
- 'n Dieptestudie en analise van twee liedere (en die kunstenaars) in elk van die volgende musiekstyle:
  - **Mbaqanga:** *Melodi Yalla & Wamuhle*
  - **Maskandi:** *Kuke Kwagijim' Iveni & Umama*
  - **Isicathamiya:** *uNomathemba & Wena Wedwa*
  - **Malombo:** *Phamba Madiba & Ngwana O Ya lela*
  - **Kwela:** *Banna Ba Rustenburg & See You Later*
- Die studie van twee tradisionele Afrikamusiekvoordragte wat nie deel van jou eie kultuur uitmaak nie

Indien jy die **Jazz-baan** gekies het, moet jy die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse Jazz-style verstaan, asook 'n studie van verteenwordigende kunstenaars en werke van elke styl:

- **Marabi (Vrouens):** *Flying Jazz Queens (Langa More)*
- **Marabi (Mans):** Manhattan Brothers *(Jikela Emaweni)*
- **Vroeë Jazz-sangers:** Miriam Makeba *(Lakutshon' iLanga)*
- **Mbaqanga:** Makgonatsohle Band *(Umjomela)*
- **Kwela:** Spokes Mashiyane *(Banna Ba Rustenburg)*
- **Jazz by die Huis:** Zim Ngqwana *(eBhofolo)*
- **Jazz in Ballingskap:** Brotherhood of Breath *(Mra)*
- **Kaapse Jazz:** Abdullah Ibrahim *(Mannenberg)*
- **Nuwe Jazz:** The Jazz Epistles *(Vary-oo-vum)*
- **Afgelope paar jare:** Feya Faku *(The Colours They Bring)*

Indien jy die **Westerse Kunsmusiekbaan** gekies het, moet jy die volgende musiekstyle en verteenwoordigende werke bestudeer:

- Die **Simfonie, Konsert Ouverture** en **Simfoniese Toondig**
  - Ontwikkeling van die simfonie
  - Sonata- , Rondo- en Menuet & Trio-vormstrukture
  - ***Simfonie nr. 6* (Pastorale)**–L van Beethoven: Basiese analise van die volledige werk, met 'n dieptestudie van die 4de en 5de bewegings
  - ***Hebrides Ouverture*** – F Mendelssohn
- **Die Opera**
  - Ontwikkeling van die opera
  - Belangrike operaterme
  - ***Die Towerfluit*** – WA Mozart: Basiese analisie van die volledige werk, met 'n dieptestudie van die *Ouverture, Der Vogelfänger bin ich ja, Dies Bildnis ist bezaubernd schön, O Isis und Osiris, Der Hölle Rache, Pa-, pa-, pa-*

4. Musiekbegrip *(Vraestel 2, alle bane, 30 punte)*

Daar sal van jou verwag word om jou kennis van algemene musiekkonsepte, vormstrukture en voorgeskrewe werke toe te pas terwyl jy na klankbane luister.

Assessesering

Vyf take maak deel uit van 50% van die finale punt:

- **TWEE Praktiese Assesseringstake (PATe): 100 punte** (25% van die finale punt)
  - **PAT 1:** Eie komposisie of verwerking (50 punte)
  - **PAT 2:** Openbare voordrag van een stuk met programnotas en 'n besigheidsplan (50 punte)
- **DRIE SGA-take: 700 punte** (25% van die finale punt)
  - Kwartaal 1 Toets (100 punte)
  - Junie eksamen (300 punte)
  - Rekordeksamen (300 punte)
    Totaal SGA: 700 ÷ 7 = 100 punte

Die oorblywende 50% word van die **finale NSS-eksamen** verkry:

- Die geskrewe eksamen (Vraestel 1 en Vraestel 2) (25% van die finale punt)
- Die praktiese eksamen (Vraestel 3) (25% van die finale punt)

Wenk vir sukses

- Jy sal goeie punte behaal indien jy daagliks jou stukke en tegniese werk oefen en al jou take betyds inhandig

SKANDEER MY!
Musiek Oorsig